**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXIV VRYDAG 3 OKTOBER 1969 NR. 15

Heidema
**Kerkstraat 48**
DIE MEES GEËERDE NAAM IN FIETSRY

## LAAT ONS FEES VIER

*AS daar honderd jaar lank 'n universiteit was, was daar honderd jaar lank studente. Waarskynlik was daar die hele eeu studente wat nie ten volle die voorreg van studentwees besef het nie — maar meer waarskynlik was daar deur die afgelope eeu, soos vandag, ook studente wat nie die voorreg om 'n student te wees aan die P.U. vir C.H.O. (en sy voorgangers in naam), ten volle besef het nie.*

*Wanneer 'n mens deur die geskiedenisblaaie van die P.U. vir C.H.O. blaai, kom jy tot die ware bewuswording van die stryd en oorwinning, teenkanting en worsteling, liefde en leed, maar die voortdurende vooruitgang wat die ontwikkeling van ons Universiteit gekenmerk het. En dan kan ons nie anders nie as om vol vreugde onder mekaar en dankbaar teenoor God te wees, dat ons kan deel in die vrugte van ons voorgangers se arbeid.*

*Laat ons dus fees vier, want hoewel ons huidige studentegeslag jonk is en nou idividueel hooglens maar 'n jaar direk betrokke is by die P.U. vir C.H.O., is ons saam met ons voorgangers onlosmaaklik deel van die geskiedenis van hierdie Universiteit wat steeds 'n hoë roeping het om te vervul.*

*Laat ons fees vier, en laat ons daaruit 'n motivering put vir 'n vurige en oortuigde P.U.-studentelewe in die toekoms, sodat die leuse in 2069 steeds sal wees „In U Lig".*

## *Feeshoogtepunt:*

# MENSE KOM VAN HEINDE EN VER

**RUIMTE IN Potchefstroom gaan mini-min wees met die hoogtepunt van die eeufeesvierings tydens die naweek van 3 tot 5 Oktober. Feesgangers kom in honderdtalle van so ver as Rhodesië, Suidwes-Afrika en Wes-Kaapland en alle moontlike akkommodasie in hotelle, by die dam en in koshuise is reeds bespreek.**

Hoewel die reaksie op die amptelike uitnodigings wat uitgestuur is aanvanklik baie stadig was, het dit later ingestroom. Die eeufeeskommissie het met hande in die hare gesit om almal van kaartjies te voorsien. Veral die massakunsspel en die simfoniekonsert, by watter geleentheid ook die Eerste Minister sal optree, is baie gewild.

Om in die geweldige aanvraag te voorsien, is besluit om ook die oorspronklike kleedrepetisie van die massakunspel op Woensdag 1 Oktober aan die publiek oop te stel. (Lees berig op bl. —) Vir die simfoniekonsert word sowat 250 onbespreekte sitplekke op die stoep aangebring, terwyl bykomende sitplek ook onder 'n markeetent tussen Karlien en die sentrale eetsaal beskikbaar sal wees.

Talle hooggeplaastes het ook reeds laat weet dat hulle die feesvierings sal bywoon. Onder hulle is die kanselier van die Universiteit en president van die senaat, sen. J. de Klerk, die Eerste Minister en mev. B. J. Vorster en hul geselskap, ambassadeurs en diplomatieke verteenwoordigers van verskeie lande, rektore en ander verteenwoordigers van Suid-Afrikaanse en buitelandse universiteite en teologiese skole, parlementslede, provinsiale raadslede, verteenwoordigers van wetenskaplike en ander navorsingsinrigtings, burgemeesters van stede en dorpe, beskermhere van die Universiteit, donateurs en baie ander.

Ook by inwoners van Potchefstroom sal talle vriende en familie tuisgaan, sodat die fees ook in 'n sekere sin 'n groot familiebyeenkoms sal wees. Ouers van studente sal ook die geleentheid kry om van naby met die studentelewe kennis te maak deur hul verblyf in Universiteitskoshuise.

### Daar he'jy dit



**Die tragedie van die PUK is dat die kos in die afgelope honderd jaar nog nie verbeter het nie.**

**BINNE:**
**Die Eeufeesbylaag van Die Wapad.**

**EREGRAAD**



*Sy Edele, die Eerste Minister, adv. B. J. Vorster, wat Saterdag 'n eredoktorsgraad ontvang en tydens die hoogtepunt Saterdagaand die woord voer.*

# Perdekommando goed op pad

**DIE EEUFEES-PERDEKOMMANDO, bestaande uit 'n aantal teologiese studente van die P.U., het Vrydagoggend 19 September ná 'n afskeidsfunksie op Burgersdorp vertrek op die lang pad na Potchefstroom en hoop om op 3 Oktober terug te wees by die Teologiese Skool.**

Die kommando simboliseer die verhuising van die teologiese skool van Burgersdorp na Potchefstroom in 1905.

Die kommando van twaalf ruiters, twee koetsdrywers en 'n vragmotorbestuurder is op 'n paar uitsonderinge na, almal teologiese studente.

Die roete wat gevolg is, is Burgersdorp, Knapdaar, Bethulie, Trompsburg, Reddersburg, Bloemfontein, Soutpan, en dan Bultfontein waar die naweek oorgebly is.

Maandagoggend om ses-uur is die reis weer hervat na Odendaalsrust, Bothaville, Klerksdorp en terug in Potchefstroom.

Die kommando word op 9.00 vm. Vrydagoggend by die Teologiese Skool terugverwelkom.

Op die meeste dorpe is gesellige ontvangste gereël. Donderdagaand 18 September is 'n noenmaal deur die Burgersdorpse gemeenskap aangebied en Vrydagoggend 19 September is amptelik afskeid geneem by wyse van 'n kerklike funksie.



*Na vele teenstand en raad om die plan te laat vaar, sit die tokkelokke hier breed op hulle perde. Die perde behoort aan verskillende boere in die omgewing van Potchefstroom en is goedgunstiglik aan die tokkelokke geleen. Verskeie instansies het geldelike bydraes en ander skenkings gemaak.*

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## Die verkiesing het begin

*DIE VERKIESING* het begin: daardie aand in Bloemfontein met 'n saal vol mense wat hulle hande in opdrag begin klap het. Daardie aand in Bloemfontein is ons nabye politieke (en miskien volks- en kulturele) toekoms bepaal. Die statistiese *politieke* sirkels van die Transvaler word al voller (leër?) — wat dui ons statistiese *prinsipiële* sirkels aan? Word hulle swarter of witter, kleurryker of kleurloser, voller van „programme van beginsels" en leër van werklike fundering — of andersom?

*Die verkiesing* het begin, maar wie weet wat die verkiesplatforms sal wees: Afrikaner Christelik-nasionalisme of kosmopolitaanse („save our white skins!" — in 'n hele aantal Europese tale) aparte ontwikkeling? Wie kán aparte ontwikkeling se waarde bestry? Maar wie wìl aparte ontwikkeling nog Calvinisties regverdig en uitleef? — dáár is geen politieke waarde in nie!

*Die verkiesing* het begin, mèt al die frustrerende verdoesel- en verdraaipraatjies van die pers en op die verhoog. Hoe sal ons weet wie praat die waarheid en wie lieg? Hoe sal ons vir ons 'n eerliker toekoms verseker — lieg 'n mens meer as jy oor 'n reuse meerderheid beskik en massas tegelykertyd tevrede moet hou, of praat jy makliker die waarheid wanneer jy in die minderheid veg vir 'n beginseloortuiging?

*Die verkiesing* het begin, maar deur wat moet jy jou laat lei wanneer jy die mandaat om jou te regeer oordra? Moet 'n mens in die breë vir 'n beleid stem, al stem jy nie met alles daarvan saam nie; of moet jy in jou onmag om 'n beleidsteller waarmee jy dit hartroerend eens is, in die hande te kry, buite stemming bly? Die een uitweg lyk noodlottiger as die ander.

*Moet 'n mens nie, by ontstentenis aan 'n breë beleid wat nie in sy geheel aanvaarbaar is, vir persone stem, in plaas van vir sake nie? Want hoewel die handhawers van 'n breë beleid altyd volkome interne eengesindheid wil te kenne gee, is dit logies dat individue wat 'n beleid wat in sy geheel aanvaarbaar is aanhang, slegs 'n heilsame interne invloed kan uitoefen.*

# NUWE HUISKOM-BESEMS VEE WERF SKOON

**ALLE KOSHUISE van die Puk het reeds hul nuwe huiskomitees vir die komende jaar gekies en groot dinge word van die nuwe besems verwag.**

### Over de Voor:

Ferdie Postma, nuutgekose primarius van Over de Voor, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê: „'n Kind is en bly altyd 'n wesenlike deel van 'n gesin. So is 'n koshuis altyd deel van 'n groter geheel. Johannes van Rooyhuis is en sal dus altyd 'n deel bly van die groter gesin, die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. U kan reken op die volle lojaliteit en ondersteuning van hierdie koshuis op die kampus.

Deur die agt jaar wat die koshuis al bestaan, het hy al 'n eie uniekheid opgebou — iets wat hom een van die voorste koshuise op die kampus maak. Ons sal poog om hierdie hoogtes wat reeds bereik is net so hoog te hou, of selfs nog hoër te klim".

Ander huiskomiteelede van Over de Voor is: Kobus Booyens, Christo Stassen, Gerry Coetzee, Alwyn Kraamwinkel en Div du Toit.

### Liberalia:

Louis Kruger, primarius van Liberalia, het gesê: „'n Tweedejaar mede-Liberalis stap saam met my eetsaal toe en babbel opgewonde oor 1970 se eerstejaars: ‚Jy sal nie omgee nie, ek weet . . . hulle moet mos hulle plek in die samelewing ken'. Daar is skuim in sy mondhoeke en 'n snaakse lig in sy oë. Hy gaan voort: ‚En die dinee . . . wat is 'n bietjie dans nou?' Sy oë is nou onskuldig. Voor my geestesoog sien ek hulle, die een se hare al baie grys, die ander s'n was seker wit, of miskien bruin. Nog verder kyk ek. Op Cachet-stasie staan 'n eensame figuur met 'n tas in sy hand.

„Nou verstaan ek die tikkie meegevoel in Arie se oë.

„Ek besluit dat ek moet hoop dat ek genade sal ontvang om die regte ding te doen."

Ander huiskomiteelede van Liberalia is: Fred Potgieter en Hannes van der Walt.

### Makouvlei:

Koos Kruger, nuwe primarius van Makouvlei deel ons mee:

„Waar soveel enkelinge verskillende dele van die land verteenwoordig en onder dieselfde dak saamleef as studente, is dit nodig dat Makouvlei, as eenheid, sy deeltjie bydra, dit wat die ontwikkelende studentegemeenskap so na aan die hart lê.

„Met 'n gesonde huislike lewe is ons saamwees as studentemassa ook bevestig. Nouer voeling met die S.R. vanjaar het onderlinge verhoudinge baie verbeter en die kommunikasie in hierdie verband moet iets blywends wees, ook in die komende eeu."

Ander huiskomiteelede van Makouvlei is: Kobus Kotze en A. P. Steyn.

### Drakenstein:

Daan van den Berg van Drakenstein se beleidsverklaring is soos volg:

„Bekendstelling in woorde, verheffing deur lofgesange was nog nooit Drakenstein se leuse nie. Daadwerklik, oorspronklik en positief het ons onsself bewys op alle vlakke van die koshuislewe. Gebou uit die tydelike groeipyne van die Puk, is ons geraap van die vloer, maar tot 'n eenheid gebaal deur die sens van kritiek.

„Waar ons volgende jaar in twee groepe sal woon, sal ons riglyne wees:

- om 'n eenheid te bly,
- die hoogaangeslaande standaarde steeds te verbeter,
- die stryd van Drakenstein verder te stry."

Ander huiskomiteelede van Drakenstein is: Cas Badenhorst, Theo Harris, Hennie van Vuuren en Barend Venter.

### Karlien:

Retha van den Berg, nuwe primaria van Karlien, het aan Die Wapad gesê:

„Ek is ten gunste van 'n meer intensiewe oriënteringsprogram, omdat die eerstejaars sodoende gouer by die koshuis as 'n geheel ingeskakel word. Dit kan bereik word deur die tweedejaars 'n groter aandeel te gee in die oriëntering van die eerstejaars, wat dan ook volgende jaar die geval sal wees in Karlien.

„Verder beoog ons om die mans toe te laat om gedurende bloktyd saans by die asters te kom tee drink. Die reëling sal van krag bly solank as wat die mans hulle stiptelik bepaal by die vasgestelde besoekure. Ek hoop die gedagte vind inslag by die owerheid.

„Ons beoog ook om in goeie buurskap met ons nuwe bure, Heide, te lewe en om te bewys dat wrywing tussen dameskoshuise nie noodwendig tradisie is nie."

Die volledige huiskomitee van Karlien is: Magda Fourie, Riëtte Richards, Klapie de Villiers, Yvonne van der Merwe, Hannie de Bruin, Maryke van der Lecq en Marie Faul.

### Kulu:

Die huiskomiteelede van Kulu en Thaba Jäh sien onderskeidelik soos volg daaruit: Engela Malherbe, Magda Brümmer, Elna Wessels, Alet Malherbe, Ria Rousseau en Suna Henning, Hettie Liebenberg en Aalk van Wyk de Vries.

Laasgenoemdes sal volgende jaar die huiskomitee van Heide wees. Daar sal later besluit word wie primaria van Heide sal word.

Oosterhof se huiskomiteelede is Rika van der Walt (primaria), Yolanda Jordaan, Annelies Euser, Estelle Naudé, Dia-Louise Möller en Laetitia Slabber.

Ná jou studies . . .

Verseker jou toekoms met 'n loopbaan by SANLAM

Wees deel van die moderne denke, dinamiese groei, aktiewe bestuursontwikkeling van SANLAM

AKTUARIS
WISKUNDIGE
REKENINGKUNDIGE
STATISTIKUS
MARKNAVORSER
BELEGGINGSADVISEUR
PROGRAMMEERDER
OPERASIONELE NAVORSER
VERTEENWOORDIGER
PERSONEELBEAMPTE

Gulde geleentheid vir verdere studie — universiteitsbeurse, rentevrye studielenings. Mededingende salarisse. Byvoordele sluit in aantreklike jaarlikse bonus, wye reeks personeelvoordele en -geriewe

DIE PERSONEELBESTUURDER, SANLAM, STRANDWEG 6, BELLVILLE, K.P.

SANLAM

VZ&R — K586/77 A

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom

Die winkel waar die kieskeurige dame koop

# EEUFEES HIER AL PRATENDE GEVIER

**DIE EEUFEESVIERINGS het deur die jaar elke moontlike gebied van universiteitsbedrywighede gedek. Dit is gekenmerk deur simposiums oor elke moontlike onderwerp. Die jaar is begin met 'n kongres van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap en sal in Desember afgesluit word met 'n nasionale simposium van die grondbiologiese vereniging.**

Onderwerpe met betrekking tot bantoetale, maatskaplike werk en wysbegeerte het in die eerste semester onder die soeklig gekom. Maartmaand is begin met 'n aantal interfakultêre lesings deur natuurwetenskaplike dosente en in Mei het die opvoedkundiges vergader.

Gedurende die Julievakansie is die kampus deur biblioteekkundiges en aardrykskundiges bevolk. Die departement ekonomiese wetenskappe se lesings is na die vakansie voortgesit, asook die natuurwetenskaplike lesings. Die L. J. du Plessis-reeks in die fakulteit regte is in September afgesluit. 'n Kultuursaamtrek en 'n seminaar vir volkskultuur in Oktober — November sluit die akademiese bedrywighede af.

Behalwe die plaaslike professore en lektore wat opgetree het, het persone soos proff. Kuipers (V.S.A.) en K. Runia (Australië), dr. C. P. Mulder en sen. Jan de Klerk lesings in hul besondere vakgebiede gelewer.

**Op kunsgebied het die Puk 'n ware fees gehad. Die reeks meesterskonserte het iets vir elke smaak aangebied. Hoogtepunte was die Fledermaus, Vrystaatse Jeugkoor en die Engel-gesin. In Augustus het die departement musiek ook 'n aanbieding gegee. 'n Uitstalling van kontemporêre Franse tapisserieë, Suid-Afrikaanse en kinderkuns in die Frans du Toitgebou het die kunsvorm op die student se drumpel gebring. Thalia en Alabama se opvoerings was waardige bydraes van studentekant.**

Die verskillende hoofliggame van die studenteraad het spesiale eeufeesprogramvergaderings gehou. Korps se feesprogram was gedurende Maart terwyl dr. Treurnicht in Junie op P.N.B. se eeufeesvergadering gepraat het.

Vir die studente was die feeshoogtepunte die karnaval en intervarsity. Gedurende twee saamtrekke vir hoërskoolleerlinge het ook die toekomstige studente in die 100-jaar van ontwikkeling van die Universiteit gedeel.

## *Volk peins oor die jeug*

**BYKANS 1200 afgevaardigers vanoor die hele land het die volkskongres oor opvoeding en onderwys, wat in die skilpadsaal op die skouterrein in Pretoria gehou is, bygewoon. Die kongres duur van 29 September tot 2 Oktober.**

Oorspronklik sou die kongres verlede jaar hierdie tyd gehou word, en senator J. de Klerk, destydse minister van nasionale opvoeding, is gevra om dit te open. Hy wou egter nie omdat die kommissie van ondersoek na die opleiding van blanke onderwysers, met dr. J. S. Gericke as voorsitter, toe reeds al aangestel was. Daarom is dit tot vanjaar uitgestel.

Die kongres is deur mnr. J. P. van der Spuy, Minister van Nasionale opvoeding, geopen. Hy is ook hoofbeskermheer van die kongres. Die doel van die kongres is onder meer om te besin oor die betekenis, implikasies en waarde van Wet nr. 39 van 1967. Ook wil daar 'n breë volksmening oor onderwys verkry word. Leiding word ook gegee by die verwesenliking van die beginsels wat die onderwyswet „verskans".

Onder die referente, wat as van die land se voorste geleerdes op die gebied van onderwys en opvoeding beskou word, tel prof. dr. J. Chr. Coetzee, oud-rektor van die Universiteit, wat internasionaal bekend is vanweë sy besondere bydrae tot die opvoedkunde, die huidige rektor, prof. H. J. J. Bingle, en prof. B. C. Schutte, dekaan van die fakulteit opvoedkunde. Dit is van betekenis dat drie van die nege referate van die Puk se kant af kom.

Ander bekende persoonlikhede wat optree is proff. P. van Zyl (R.A.U.), P. J. Heiberg (Turfloop), D. H. Cilliers (Unisa) en W. A. Landman (U.P.). Drr. Piet Meyer en A. P. Treurnicht, asook die direkteur en adjunk-direkteur van onderwys in Transvaal het ook opgetree.

Die inisiatief vir die kongres kom van die Interkerklike Onderwyskommissie, waarin die drie Afrikaanse susterkerke verteenwoordig word, asook van die onderwysersverenigings.

Afgevaardigers het van so ver as Garies, Springbok, Windhoek en Omaruru gekom.

## PROKUREURS MOET NOG LATYN SWOT

**MNR. EBEN LOUW, sekretaris-generaal van die Vereniging van Wetsgenootskappe, het in 'n verklaring aangekondig dat die raad van die vereniging besluit het om Latyn as deel van 'n prokureur se opleiding te behou.**

Dié besluit is geneem na aanleiding van die uitslag van 'n meningsopname waarby alle praktiserende prokureurs en ingeskrewe klerke in die Republiek betrek is. Volgens mnr. Louw, het meer as 900 persone aan die meningsopname deelgeneem.

Net een-derde van die groot hoeveelheid het gestem vir die afskaffing van Latyn. Sommige het selfs gevra dat die vereiste matriekstandaard van Latyn verhoog moet word na Latyn I of selfs II.

## Oud-Puk S.R.-voorsitter

MNR. Dawid van Wyk is aangewys as Studenteraadsvoorsitter van R.A.U. Mnr. Van Wyk is 'n oud-Puk en het in 1968 die graad B.Jur ET Art. aan die P.U. behaal.

## AGTER DIE SKERMS



*Só lyk dit drie dae voordat 'n Wapad sy verskyning maak. Dinsdagaande kom die hoofredaksie byeen om al die stof na te gaan, te tik, te redigeer en uiteindelik tipografies te versorg voordat alles na die drukker gaan. Daar word alles eers geset. Donderdagmiddag word die bladsye opgemaak en die bladproewe gelees. Vrydagoggend, wanneer al die Pukke nog slaap, begin Die Potchefstroom Herald om die Wapad te druk sodat dit tydens middagete versprei kan word.*

*(Foto: Fotokuns.)*

★

President:

## A.S.B. PRO-KONTAK MET NIE-BLANKES

**TYDENS 'N perskonferensie wat onlangs deur die A.S.B.-hoofbestuur in Johannesburg gehou is, het die A.S.B. hom ten gunste van kontak met nie-blanke studente op amptelike vlak verklaar.**

Volgens mnr. Johan Fick, president van die A.S.B., is hierdie kontakbeleid niks nuuts nie. Dit is reeds vroeg in die vyftigerjare geformuleer en is op verskeie kongresse goedgekeur. Die A.S.B. het hom reeds in 1951 ten gunste van kontak met nie-blanke studente aan gemengde universiteite verklaar.



Mnr. Fick

◆ Die A.S.B. huldig vandag nog die standpunt dat by gemengde byeenkomste blankes deur blankes en nie-blankes deur nie-blankes verteenwoordig sal word. Die A.S.B. ondersteun egter die beginsel van afsonderlike ontwikkeling in al sy konsekwensies en daarom mag kontak met nie-blanke studente nooit daartoe aanleiding gee dat die beginsel ondermyn word nie, het mnr. Fick gesê.

Wat die aard van die kontak betref, moet daar onderskei word tussen kontak van permanente aard en kontak met ad-hoc. Enige vaste of permanente organisasie tussen die blanke en nie-blanke studente liggame sal nie die goedkeuring van die A.S.B. wegdra nie.

Mnr. Fick het daarop gewys dat waar daar wel kontak gemaak word, dit onderling gereël moet word met die toestemming van die onderskeie universiteitsowerhede en met inagneming van staatsbeleid en tradisionele opvattinge en gebruike.

## Oud-Puk jonk skoolhoof

Die nuwe jong hoof van die Milner High School in Klerksdorp is 'n oud-Puk wat tans besig is met sy D.Ed.-graad. Hy is die 36-jarige mnr. Chris Pretorius. In 1953 behaal hy B.A. met Latyn en Engels. Na 'n honneursgraad in Latyn (met onderskeiding) behaal hy onderskeidelik sy M.A.- en ook B.Ed.-graad.

Vir al u
★ APTEKERS- en
★ FOTOGRAFIESE
★ BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118
POTCHEFSTROOM
Telefoon 3237

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

die WAPAD

VRYDAG 3 OKTOBER 1969

# A.S.B.-herlewing

TOT aan die einde van 1967 was twee lede van die aktiewe A.S.B.-komitee ook lede van die Studenteraad. In die kommissieverslag na die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en die P.U.-studente van 28 Julie 1967 is aanbeveel dat die desdestydse A.S.B.- komitee van die Studenteraad verval. Dit is gedoen, en sedertdien wou dit voorkom asof die A.S.B. van ons kampus verdwyn het.

Tot aan die einde van die pasafgelope Studenteraadstermyn het die A.S.B.-komitee uitsluitlik bestaan uit Studenteraadslede, elk waarvan op 'n paar ander Studenteraadskomitees gedien het. Die A.S.B. is die kultuurkoördineerder van die Afrikanerstudent, en daarom behoort ons Studenteraad teen die agtergrond van die organisasie van ons studentelewe 'n baie effektiewe A.S.B. in die kleine op ons kampus te wees, maar dit was tot dusver sedert 1967 nie ten volle waar nie.

Wat weet die eerstejaars van die A.S.B., behalwe miskien dat daar so iets bestaan? Wat het sedert 1967 tereg gekom van plaaslike insiatief ten opsigte van die verskeidenheid van departementele bedrywighede? Wat doen die A.S.B. vir ons, of waar is die AS.B. dat ons vir hom iets kan doen? sou sedert 1967 vir die P.U.-studente geregverdigde vrae, gevra in geregverdigde onkunde, gewees het!

In die lig hiervan was dit hoogs verblydend om op te merk dat die nuwe Studenteraad, pas nadat dit in die kussings gekom het, werk gemaak het van die onverkwiklike A.S.B.-windstilte op ons kampus: die A.S.B.-organisasie plaaslik word nou deur 'n komitee van die Studenteraad, waarop ook niestudenteraadslede kan dien, behartig en daar word vir volgende jaar reeds spesifiek A.S.B.-aktiwiteite op die kampus beplan, waardeur die massa bewus sal kan word daarvan dat die A.S.B. in elke belangstellingsfeer tot hom persoonlik deurdring, en ook ander maatreëls word getref om ons Studentebond onder ons te laat herleef.

Hierdie nuwe A.S.B.-ywer is nog verblydender as in aanmerking geneem word dat daar soveel publisiteit verleen word aan die rebelsheid teen en onvergenoegdheid met Christelik-nasionale Afrikanerskap, wat veral vanuit die Suide (ook uit studentegeledere) aanwaai. Apatie kan doeltreffend beveg word deur onkunde op te hef.

Die P.U. vir C.H.O. het in die nabye toekoms (en sekerlik ook in die verdere toekoms) 'n belangrike rol te vervul binne die A.S.B. — laat daar dus geslote geledere en lewe onder ons wees vir die saak van die Afrikanerstudent — desnieteenstaande die tendense in die nasionale politiek.

# Met dank, die uwe

DIT is gepas om in die laaste uitgawe van hierdie termyn die dank van die redaksie aan die studenteraad oor te dra vir die verrykende geleentheid vergun om aktief aan die studentelewe deur middel van studentejoernalistiek deel te neem.

Dit is ook vir die hoofredakteur aangenaam om die res van die redaksie hartlik te bedank vir en geluk te wens met die hoë gehalte van die werk wat gelewer is.

Ook die drukkery verdien hoë lof vir die diens wat die redaksie te beurt kon val en dank vir aangename samewerking.

Steeds is gepoog om in die afgelope termyn die studentegemeenskap ten beste te dien, en dit is met volle vertroue dat Die Wapad in dieselfde gees aan die volgende redaksie opgedra kan word.

SKOEN- EN FIETSREPARASIES

★ EN FLINKE DIENS

★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE

HUIS EN TUIN

(Langs Volkskas op die Bult)

★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

# Hier word rooiwarm sake koelkop ontleed en beredeneer

Henry Murphy

**ELKE JAAR het sy groot momente wat die fonds van herinneringe word. So 'n moment is die jaarlikse simposium wat deur die sentrum vir internasionale politiek aangebied word. By die geleentheid kom die groot indoenas van ons land byeen om oor die politieke situasie indaba te hou. Hier op Potchefstroom word die rooiwarm sake in 'n rustige, akademiese atmosfeer koelkop ontleed en beredeneer.**

Vanjaar se simposium is 'n waardige aandenking in die eeufeesplakboek. Die simposium was 'n perfekte stukkie organisasie. Alles het seepglad verloop. Met die oog op die eeufees is besluit om die sprekers uit die geledere van die Alma Mater te kies. Ook die instituut vir Afrikanistiek het kom saamspan. Die tema van die simposium was Suid-Afrika in uitwaartse beweging.

Eerste aan die woord was prof. D. W. Krüger oor Suid-Afrika in die branding van die internasionale politiek sedert die Tweede Wêreld oorlog. Hy het gewys op die lang tydperk van Westerse heerskappy. Dit het 'n einde bereik na die oorlog met die vrywording van die onhorige gebiede. Vanweë sy mandaatskap oor Suidwes-Afrika is Suid-Afrika onmiddellik betrek. Daar was pogings om hom te isoleer, maar Suid-Afrika het volgehou om sy plek in die talle internasionale organisasies, waaronder die V.V.O., vol te staan. „Die natuur het as't ware vir Suid-Afrika sy plek in die strategie van die Weste bestem, en die Republiek het 'n internasionale rol om te speel waartoe hy geroepe is, ook in sy eie belang", het prof. Krüger gesê.

Nog 'n spreker, prof. J. H. Coetzee, is in ons land bekend as denker en skrywer oor Afrika. Daar was vanjaar die algemene gevoel by die simposium dat ons die Republiek van Suid-Afrika in die konteks van Afrika moet sien. Prof. Coetzee heg baie betekenis aan die studente se bydrae in hierdie verband. Dit is hulle as akademici wat 'n bydrae van onskatbare waarde kan lewer. Hy stel voor dat akademiese kennis oor Afrika in soveel kursusse as moontlik geïntegreer word.

Dr. M. D. Marais het gepraat oor Suid-Afrika se ekonomiese betrekkinge met die buiteland. Hy bepleit veral realisme in ons kapitaalbeleggings in Afrika. Hy sê dit bly vir hom as ekonoom steeds die droom om Suid-Afrika as die ekonomiese en politieke reus in Afrika te sien. En dit sonder die imperialistiese motiewe waarvan die wêreld ons verdink.

Die simposium het sy hoogtepunt bereik toe Sy Edele Min. C. P. Mulder, die gehoor toegespreek het oor die uitwaartse beweging in perspektief. Dr. Mulder sê die benaming is dubbelsinnig en kan verkeerd vertolk word as 'n verandering in ons buitelandse beleid, 'n soort toegee aan druk van buite, 'n verslapping oor eie waardes.

## ROEPING

Dr. Mulder sê ons het 'n bepaalde roeping in hierdie kontinent. Dit het tyd geword dat ons hierdie roeping vervul en realiseer. Suid-Afrika het die strategiese posisie, die natuurlike hulpbronne, die wil, die mannekrag, die vaardigheid om Afrika te help ontwikkel. „Ons het die geesteskrag om die kommunisme se pogings in Afrika te verydel, ons reik die hand van vriendskap na ander wat dieselfde begeertes koester. Suid-Afrika sal nie toelaat dat hy geïsoleer word nie."

# Uit die Woord

## STANDVASTIG OF LOSBANDIG?

*Efes. 6 : 10—18, veral vers 14: Staan dan vas, julle lendene met die waardigheid omgord . . .*

- Losbandigheid *in sy uiterste konsekwensie sou beteken dat ons vanjaar geen eeufees sou kon vier nie, omdat die losbandige geen bande wil erken nie, nie aan die verlede nie, nie aan die grondleggers en bouers van ons Alma Mater nie, helaas ook nie aan die beginsels wat hier geld nie.*
- *„Staan dan vas . . ."* — standvastigheid — *nie in die eerste plek „sodat" nie, maar „omdat" die fondamente reeds stewig gelê is, en omdat ons as Christelike Universiteit bestaansreg het.*
- *Dit is die orde: Christus het Satan oorwin; in die afgelope 100 jaar het die Universiteit volgens die beginsels van Gods Woord die teenstand oorwin en oorbrug om vir hom 'n staanplek te verwerf; God self het die wapens voorsien; nou kyk ons verder, want die tweede fase van die wedloop het begin. Hoe gaan ons die slapheid, die losbandigheid en traagheid afskud? Paulus sê: „Neem die volle wapenrusting van God op . . . sodat julle staande kan bly . . ."*
- *Dit is ons taak en roeping as gelowiges om beklee te word met hierdie geestelike wapens soos: waarheid, geloof, die Woord van God en veral die gebed; wapens wat Christus self aangewend het en wat Hy aan ons gee.*
- *Die bestaan van ons Universiteit getuig dat dit 'n geloofsdaad, en 'n saak van die gebed was, 'n stryd met die Woord,* nie om die *waarheid nie*, maar met die waarheid.
- *Met hierdie wapens is al die oud-studente, en word ons huidige studente aan die P.U. vir C.H.O. beklee. Daarom kan ons alleen staande bly as ons deur die Christelikheid die stelling wat ons in Christus het, verdedig en bewaar en ontwikkel.*
- *Daarom wil ons wat standvastig wil wees, die verlede nie uit die oog verloor nie, en vier ons fees uit dank vir die staanplek van 'n Christelike inrigting. Die toekoms gaan ons tegemoet met hierdie gebed:*

*„Op U almag vas vertrouend het ons vadere vertrou, skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te bou."*

A. le R. du Plooy.



# REDAKSIE

Hoofredakteur: Francois Venter — tel. 2050
Waarnemende Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8214
Subredakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Subredaktrise: Martie Kruger — tel. 8214
Nuusredakteur: Lourens du Plessis — tel. 2030
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Sportredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Akademiese redaktrise: Elsabé Smuts — tel. 2039
Eeufeesredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Sosiale redaktrise: Retha le Roux — tel. 2119
Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 5553
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen —
Sekr.-Penningmeester: Leon du Plessis — tel. 2030
Sirkulasiebestuurders:
Piet Strydom — tel. 2019
Piet Hattingh — tel. 2019
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers; Piet Kruger; Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Rika van der Walt.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlene Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.



# AANGENAME LENTEFEES STIL-STIL VERBY

**DIE LENTEFEES van die A.O.B., wat op Saterdag 20 September plaasgevind het, is gekenmerk deur baie swak opkoms wat te wyte is aan te min propaganda vooraf. Die lentefees wat een van die hoogtepunte in die studentelewe behoort te wees het stil-stil verbygegaan. Een student het gesê: „As ons nie daarvan weet nie, kan ons nie besluit om daarheen te gaan nie".**

'n Halwe bus vol Pukke het Saterdagoggend omstreeks 9.30 van die hoofgebou af na Boskopdam vertrek. Studente met motors het egter later by hulle aangesluit. Die vrye natuur en die jeug is geniet met speletjies op die groen gras langs die dam, en koeldrank is voorsien. Toebroodjies en vrugte vir middagete is deur die eetsale voorsien. Van die manne het ook in die dam geswem (afgesien van dié wat per ongeluk in die riviertjie beland het!).

Luidsprekers is daar aangebring, waaroor die hele oggend musiek gespeel is. Die middag is daar rugby geluister, en omstreeks vieruur het die Pukke begin terugkeer. 'n Heildronk is op die lente ingestel deur Johan Kruger.

## AFSPRAKE:

6 Oktober — Funksie — Fakulteit Opvoedkunde.

7 Oktober — Makouvlei-dinee.

8 Oktober — Ekonomiese Vereniging: Braaivleis op Oude-Molenterrein, 8.00 nm.

**Sondagaand na die erediens: Gesamentlike sang in die Ou Teologiese Skoolsaal — almal welkom.**

## *Die twisappel . . .*



## *Safari-penarie:*

# REKTOR SÊ STUDENTE LEEF IN WEELDE

**WAAROM IS die safaripak ingevolge die regulasies van die Puk verbode? Hierdie vraag kom by baie manstudente (en selfs damestudente) op. Die Wapad het besluit om die studentemening hieroor te toets.**

**Smof Beetge** (B.A. III) van Liberalia voel dat die safaripak-verbod tog só in stryd is met ons land se klimaat.

„Hoekom moet ons op die onnodig moeilike manier met die warm boordjie, langbroek en das klas draf as daar 'n makliker manier is? Is dit dan nie beter om die ligte, koel safaripak te dra nie? Dit laat 'n mens meer ontspanne voel en het die uitwerking dat jy met 'n onbelemmerde gemoed kan konsentreer op die lesing.

„Verder behoort ons trots te wees op ons safaripak omdat dit eg Suid-Afrikaans is — in ons land ontwerp vir ons land se somerklimaat."

**Rika van Graan** (B.A. III) van Oosterhof, lug haar mening soos volg: „Dit is byna onmoontlik dat daar eksperimenteel bewys gelewer kan word dat die ‚transpirasie' van die vog uit die menslike liggaam net soveel geskied wanneer 'n manspersoon 'n langbroek, 'n wit hemp en 'n das dra teenoor 'n ligte safaripak. Laasgenoemde kan egter veel bydra tot die homeostatiese proses waardeur die liggaamstemperatuur gereguleer kan word om die menslike bestaan te verseker".

**Anna Venter** (B.A. III) van Klawerhof sê: „Ek is ten gunste van die safaripak en wil nie eens daaroor redeneer nie! Myns insiens lyk 'n man netjieser in 'n safaripak as andersins — dit sal noupypbroeke, pienk, geel en bont hemde uitskakel. 'n Safaripak is 'n netjiese eenheid waarvan die broek en baadjie bymekaar pas. Dit is gerieflik en ekonomies".

**Dries de Bruyn** (B.Sc. III) van Liberalia sit sy opinie soos volg uiteen: „Met die geweldige styging van pryse die afgelope tyd is dit veral die klererekening wat die student (en ook sy ouers) skeef laat opkyk. Die prys van baie gewone langbroeke is R11. Hemde kos ongeveer R4 en baadjies R25. As daar verder in ag geneem word dat 'n wit hemp slegs een dag in ons klimaat gedra kan word, beteken dit dat 'n mens ten minste twaalf hemde moet hê omdat die helfte van sy hemde altyd by die wassery is.

„Baie konserwatief beskou, het ons dus twee baadjies, drie langbroeke en twaalf hemde nodig vir klasdrag. Hierdie basiese uitrusting kos alreeds 'n aardige bedraggie. 'n Oplossing van die probleem is myns insiens die safaripak en dit kos nie 'n tiende van die mondering wat ons nou verplig word om te dra nie".

**Henriette Murphey** (B.A. II) van Karlien, verklaar kort en bondig: „Daar is geen motivering waarom die mans op die Puk nie safaripakke sal dra nie. Ons weet mos almal Potchefstroom is nader aan die ewenaar as aan die pole".

**Coen du Toit** (B.A. III) van Makouvlei, sê: „Safaripakke bly steeds omstrede, maar ek voel dis 'n stryd wat moet gestry word. Terwyl ons in die tyd van inflasie leef, kan 'n mens sommer dink aan die mees praktiese aanwending van 'n mens se minimum fondse. Jou enigste ordentlike baadjie en langbroek kan darem seker 'n jaar of wat langer hou as jy dit in die somer kan aflos met 'n baie goedkoper safaripak of twee".

### S.R.-voorsitter

**Johan Kruger** se mening omtrent die safaripak is ook gevra. Hy het egter aan 'n verslaggewer van Die Wapad gesê dat hy nie sy persoonlike mening kan verstrek nie, maar hom slegs kan skaar by die beleid van die S.R.:

„Streng gesproke val dit buite die gebied van die S.R. om **reëls** met betrekking tot die kleredrag neer te lê. Die S.R. vorm egter die aangewese kanaal vir die studente om te volg indien hulle vertoë tot die owerhede in dié verband wil rig.

„Ek moet egter my blydskap te kenne gee oor die feit dat ons studente, mans sowel as dames, tot op die huidige stadium goeie smaak aan die dag lê betreffende kleredra."

### Rektor voel anders

- Die rektor, prof. H. J. J. Bingle, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat die safaripak volstrek nie op die P.U.-kampus toegelaat gaan word nie. Volgens hom is 'n man in 'n safaripak nie welgekleed nie. Die hemp is te ver oop en die broek sal mettertyd ontaard in 'n deurtrekkertjie. Buitendien, voeg prof. Bingle by, het niemand nog ooit doodgegaan van warmte nie.

Volgens prof. Bingle betaal die mans ook nie duurder vir hul klasdrag as die dames nie. Volgens hom is hier dames op die kampus wat klasrokke van tussen R40 en R50 dra! Ook sê hy dat ons studente vandag in weelde lewe, met motors ry en beurse en lenings slegs uit weelde ontvang. Ons kan bekostig om duur te betaal vir klere.

Prof. Bingle het voortgegaan om te sê dat as die safaripak wel toegelaat word, slegs 10%—20% van die mans dit wel sal dra, en net 'n kort rukkie.


DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .



- ★ Alba broeke
- ★ Mentone pakke
- ★ Monatic hemde
- ★ Battersby hoede
- ★ Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411

POTCHEFSTROOM




**20th Century**

Oktober 1969

WOENS. 1 tot SAT. 4 OKT.

LIVE FOR LIFE

met
* YVES MONTAND
* CANDICE BERGEN
Geen persone 4 tot 18 jaar.

MAAN. 6—DINS. 7

I'LL NEVER FORGET WHAT'S HIS NAME

met
* OLIVER REED
* CAROL WHITE
Geen persone 4 tot 18 jaar.

WOENS. 8—DONDERDAG 9

ROUGH NIGHT IN JERICHO

met
* GEORGE PEPPARD
* DEAN MARTIN
Geen persone 4 tot 12 jaar.

VRY. 10—SAT. 11

THE SPLIT

met
* DIANNE CARROLL
* JULIE HARRIS
* JIM BROWN

MAAN. 13—DINS. 14

THE BEST OF LAUREL AND HARDY

WOENS. 15 tot DINSDAG 21

STADIG OOR DIE KLIPPE

met
* AL DEBBO
* JUNE NEETHLING



DIE BULT-HAARKAPPERS
MANS EN DAMES
*Eienaar: G. Schoonhoven*
Tomstraat 86b - Tel. 5136
Na ure: 6056



U HOEF NIE, MAAR U KAN BETER KOOP BY UNIEWINKELS

*Uniewinkels*

VERSKAFFERS VAN P.U.-KLEURE


# *Ons lig die sluier oor die rubriekskrywers . . .*

**Deur my lens**



**REFLEKTOR**
**Neels Smit**

*In die amp van Reflektor verklaar ek dan hiermee dat ek geen sentiment voel oor mej. X of die heer Reflektor nie, maar dat ek dikwels genoodsaak was om hierin 'n toegewing tot die sentiment te maak.*

**Wapadlangs**



**SWEEPSLAG**
**Francois Venter**

*Dit is nodig om te dink om mense te laat dink, want dit is nodig vir mense om te dink sodat hulle reg kan dink. Laat daar gedink word, want as óns nie dink nie, wie sál dink — en wat sal ons kan sê wat die moeite werd is?*

**Spykerbankkantate**



**DRUKSPYKER**
**Retha le Roux**

*Ek weet dat die Spykerbankkantate iets is wat die dames met ooglopende gretigheid verslind en dat die mans „soos tant Koek se hoenderhaan" voel sodra hulle hul name in druk sien. Apologie aan alle slepers wie se stertvere gepluk voel!*

**Perkamentpraatjie**



**Joan Crafford**

*Dit is áls die woorde se skuld — skamele, ontoereikende, verruklike woorde. Die woord is die oopbreek van die swye, die lag verby die stilte „Voor in die wapad — brand 'n skilpad."*

## Die wyn en die poësie – 'n aand van woordgenot

**SKEMERKELKIES en die statige swier van Pretoria se deftige Constantia-klub — dit was die atmosfeer waarin 'n aand van woordgenot deur vier studente van die departement spraakleer en drama van die P.U. aangebied is.**

Die studente, Mariëtte Ferreira, Pieter Fourie, Ansie Booyens en Hannetjie Beukes, het uittreksels uit vorige programme aangebied en van hierdie aand 'n paslike afsluiting van die jaar se buite — optredes gemaak.

Die program het groot byval by die uitgelese gehoor gevind en die studente self beskryf dit as „onherhaalbaar lekker."

Waardering vir hul optrede is tasbaar betoon toe 'n groot doos sjokolade aan hulle oorhandig is.

# *Om die konferensietafel byeen*



*Die Studenterade van die P.U. vir C.H.O. en die U.O.V.S. het op Donderdagaand 18 September op die P.U.-kampus vergader om probleme wat met die pasafgelope Intervarsity tussen die twee universiteite ondervind is, te bespreek.*

*Die vergadering is agter geslote deure gehou nadat die Studenteraad van U.O.V.S. daarom versoek het.*

*'n Memorandum is deur 'n kommissie van die Studenteraad van U.O.V.S. opgestel. 'n Eksemplaar is ook aan die P.U.-studenteraad beskikbaar gestel.*

*Die P.U.-studenteraad sal moontlik later 'n verklaring oor die vergadering en die hele aangeleentheid uitreik.*

*Hierdie foto is tydens die vergadering geneem. Van links is mnre. Kobus du Plessis, Johan Kruger en Roelf Meyer (Studenteraadvoorsitter van U.O.V.S.)*

*(Foto: Fotokuns.)*

# *Uit die* POSSAK

## WAT VAN 'N EIE SUID-AFRIKAANSE ETIKET?

**Geagte Redakteur,**

**Dineetyd is daar en feitlik elke Puk sal seker 'n dinee in een of ander vorm bywoon.**

Iets wat my van ons dinees opval is die etiket wat so streng en uiters formeel is. Feitlik geen greintjie gemoedelikheid is toelaatbaar nie.

Verder ook dat die Suid-Afrikaanse etiketreëls so geweldig oorwegend „Brits" is. Die Britse etiket is tog aangepas by hul omstandighede en mentaliteit. Die Britse etiket is soms so onprakties — waarom moet ons met 'n onderstebovurk eet? — en nodeloos — waarom juis die servet onder die tafel in plaas van langsaan of onder oopmaak?

Teen die deftigheid en formeelheid kan dit nie eintlik gehou word nie; dit sou afbreuk doen aan die dineegedagte. Maar, hoekom so Brits?

Wat is ons kanse om 'n eie Suid-Afrikaanse etiket daar te stel wat op geen ander stelsel geskoei is nie, as slegs ons eie?

Etiket is tog kultuur en my kultuur moet tog so min as moontlik Britse elemente bevat.

Die beste plek om te begin is op die Puk. 'n Mens kan met groot vertroue die taak in die hande van die A.B.K.K. laat.

— Anti-Britse fratse


VAKATURES

Die Wapad bied u geleentheid om u studentelewe ten volle te geniet.

●

In die redaksie is daar nog enkele vakatures

**(w.o. Spotprenttekenaar)**

●

Rig u aansoeke aan:
**Die Hoofredakteur,**
**Die Wapad,**
**p/a Studenteraad.**


## HOOFREDAKTEUR 1970



MNR. Dawie Swanepoel nagraadse student in naturelle-administrasie, is tydens 'n onlangse Studenteraadsvergadering aangewys as hoofredakteur van Die Wapad vir die volgende termyn. In 'n onderhoud het mnr. Swanepoel gesê dat aangesien Die Wapad 'n studentekoerant is, die redaksie in die volgende termyn dit wat die studente sal bevredig, sal aanbied. Hy het groot planne vir die redaksionele werksverdeling en wil veral die fotografiese aspek van Die Wapad uitbrei. Hy het gesê dat die redaksie aantreklike en maklik leesbare uitgawes in gedagte het.

## Leser se mening:

# *Swak bywoning van lentefees weens absolute slapheid*

GEAGTE REDAKTEUR,

**As daar skaars vyftig persone uit 'n studentemassa van meer as drieduisend by die jaarlikse Lentefees van die Universiteit opdaag, moet daar beslis 'n baie groot skroef los wees. En in daardie geval dink ek dat dit 'n absolute noodsaaklikheid is om daardie skroef te vind en dit baie styf aan te draai — sodat dit nooit weer los raak nie!**

Myns insiens is daar veral drie moontlike oorsake vir die swak opkoms by vanjaar se Lentefees:

Die eerste oorsaak dink ek moet ons aan die kant van die owerheid en doserende personeel soek. Baie van die studente wat moontlik graag die Lentefees sou wou bywoon is verhinder omdat hulle moes „swot" vir toetse of ander belangrike werk gehad het om te doen. As 'n mens daaraan dink dat die intrede van die lente elke persoon op een of ander manier behoort te raak, is dit seker nie veel gevra dat een naweek heeltemal tot die beskikking van die studente gestel sal word vir die Lentefees nie.

**Die tweede rede kan ons ongelukkig nie anders as om dit voor die deur van die Studenteraad te lê nie. Het hulle werklik genoeg moeite gedoen om dié groot gebeurtenis onder die aandag van die studente te bring?! 'n Paar oorspronklike plakkate of tipiese studente-aksies sou moontlik die juiste uitwerking gehad het. Wat het geword van die oorspronklike reklamemetodes wat so eie is aan die Afrikaanse student?**

Die derde en grootste oorsaak lê egter die wese van studentwees van elkeen van die studente van die Puk ten grondslag. Ek laat my nie vertel dat al die studente wat nie die Lentefees bygewoon het nie, „geswot" het of nie daarvan geweet het nie. Daar moet dus 'n ander rede wees waarom hulle geskitter het in hulle afwesigheid en ek is geneig om daardie rede in slegs twee woorde saam te vat: **absolute slapheid!** Hulle het eenvoudig nie genoeg belangstelling by die aktiwiteite van die Puk om hulle te verwerdig om hulle volle krag daarby in te werp nie.

Elkeen wil dit aan 'n ander oorlaat om die studente-aktiwiteite te ondersteun. Of kan dit ook wees dat ons studente van **die moderne** tyd te veel „dames" en „here" is om èèn dag van suiwer studentepret ten volle te kan geniet? Is ons studente bang dat hulle te veel van hulle „waardigheid" moet prysgee deur één dag te wy aan ongebonde studentelewe en te vergeet van die akademie en soortgelyke probleme? Hoeveel van die eerstejaars het die moeite gedoen om uit te vind wat 'n Lentefees aan die Puk inhou en beteken? Dit het eenvoudig net onopgemerk by hulle verbygegaan. Is die studentebedrywighede dan nie ook vir hulle daar om deur hulle ondersteun te word nie?

- Laat ons hoop dat ons studente
- nie die kuns verleer het om te
- **léé**f nie en dat ons in die toe-
- koms nie weer 'n herhaling
- sal hê van wat die naweek
- gebeur het nie.

Laastens kan ek nie nalaat nie om namens die klompie studente wat wel op die fees teenwoordig was, die A.O.B. hartlik te bedank vir 'n uiters aangename dag.

— (Teleurgesteld).

# EEUFEESPRESTASIE VIR P.U.-SKERMKLUB

**DIE P.U.-Skermklub het sy deel bygedra tot die eeufeesvieringe deur hul jaar se aktiwiteite af te sluit met 'n pragoorwinning oor Tukkies.**

Die kragmeting het op Saterdag, 13 September, in die Hoofgebou saal plaasgevind. Die Puk se manne Hennie Coetzee, Frans Badenhorst en Hennie de Villiers het geseëvier deur tien van die 18 gevegte te wen. Dit was veral in die floret-gevegte waarin hulle uitgeblink het deur 6—3 te wen. Hier wil ons Frans Badenhorst, die nuwe kaptein vir 1970, uitsonder. Hy het met aanvallende styl al sy floret-gevegte gewen. Hennie de Villiers het 2 van sy 3 floret-gevegte gewen, met sy blitsaanvalle en perfekte balansbeheer. Hennie Coetzee, die span se staatmaker, was weens 'n enkelbesering nie op sy stukke nie. Nogtans het hy die vaandel hoog gehou deur die sabel-gevegte 2 uit 3 te wen. Vir sy prestasies deur die jaar is P.U.-erekleure vir Skerm asook die gesogte Wapenmeesterskild aan hom toegeken.

Dit is hierdie jong klub se tweede liga-oorwinning sedert hulle herstigting in Mei vanjaar. Die afrigter, mnr. Eric Wilson van Stilfontein, kan met reg trots wees op hierdie prestasies. Sy opofferings en entoesiasme vir hierdie sportsoort en die klem wat hy lê op ontwikkeling van styl en voetwerk, begin nou vrugte afwerp, en vorm die basis waarop die klub volgende jaar gaan voortbou.

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou

Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074

Goue Weste Inry

Tel. 6437

MAANDAG 6, DINSDAG 7 OKT.
VRYDAG 10, SATERDAG 11 OKT.
EERSTE VERTONING

BUCKSKIN

Barry Sullivan, Joan Caulfield, Wendell Corey.

WOENSDAG 8, DINSDAG 9 OKT.
VRYDAG 10, SATERDAG 11 OKT.
TWEEDE VERTONING

DIVORCE AMERICAN STYLE

Dick van Dyke, Debbie Reynolds, Jean Simmons, Van Johnson.

MAANDAG 13, DINSDAG 14 OKT.
VRYDAG 17, SATERDAG 18 OKT.
EERSTE VERTONING

PARDNERS

Dean Martin, Jerry Lewis.

WOENSDAG 15, DONDERDAG 16 OKTOBER
VRYDAG 17, SATERDAG 18 OKT.
TWEEDE VERTONING

INTERLUDE

Oskar Werner, Barbara Ferris, Virginia Maskell.

GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

## Massakunsspel:

# VERHAAL VAN STRYD EN OORWINNING

**„. . . 'N EPIESE SPEL, die verhaal van stryd en oorwinning . . ." En uit die simboliese duisternis kom die lig; vou die een tafereel na die ander oop; word die geskiedenis van die ontstaansjare van die Teologiese Skool uitgebeeld; word ons stap vir stap geneem deur die sukkeljare tot aan die triomfantelike einde waar 'n indrukwekkende tablo die oorwinning uitbeeld — dit is die massakunsspel, een van die talle hoogtepunte in die eeufeesaanbiedings, wat in samewerking met die departement spraakleer en drama en die konservatorium vir musiek aangebied word.**

Vir hierdie ambisieuse aanbieding word nie net 'n spreek- en sangkoor gebruik nie, maar ook talle figurante wat die dramatiese hoogtepunte voorstel. Die spreekkoor word deur dr. T. Botha afgerig en die sangkoor deur prof. Pieter de Villiers.

Hierdie aanbieding is in die volle sin van die woord 'n groepspoging. Die studente maak self die talle kostuums wat in die verskillende voorstellings gebruik gaan word en die tegniese departement sorg vir die dekor wat so 'n belangrike deel van die simboliese voorstellings vorm.

Belangstelling in hierdie skouspel was so oorweldigend dat besluit is om dit nie meer net op 3 Oktober aan te bied nie, maar die oorspronklike kleedrepetisie op 1 Oktober word ook nou aan die publiek oopgestel.

*Alombekende prof. Pieter de Villiers hier besig met die laaste afronding van die Eeufeeskantatekoor wat Saterdagaand in die Sentrale eetsaal optree. Die Kantate bestaan uit vier dele: Waar word die wysheid gevind; Roep die wysheid uit?; In die begin was die Woord en O, diepte van die rykdom. Die musiek is van Pieter de Villiers en die teks is deur ds. P. W. Buys, Gereformeerde predikant van Potchefstroom, versorg.*
*(Foto: Fotokuns.)*

## Perkamentpraatjie

# EN DIE UITEINDE VAN ALS . . .

*„Sestig, vriendinne, was maar net 'n nag van lekkerkry en dinge sê — die dag van Sewentig, die Rooidag, breek nou deur" — (Kol).*

**Poolshoogte** bó Sestig is al geneem en etlike voëlvlugte óór Sestig is onderneem sodat 'n verdere dieptetelling of perspektief-omwenteling geen nuwe vergesigte sal kan oopbreek nie.

'n Mens kan darem die skeersel van die afgelope dekade oopgooi en wonder: het hieruit groot dinge gekom? Gáán hieruit groot dinge kom?

Om die Sestigers te klassifiseer en te kategoriseer is nie maklik nie; hul werk verskil in gehalte, aard en soort, maar een saambindende kenmerk is daar tòg: hulle is die delwers, die ontginners van die moontlikhede van die medium waarin hulle werk.

Die sterreteken bó die dekade is die eksperiment: eksperiment met struktuur en styl. 'n Deurspéling van werklikhede, mitiese patrone en perspektiefverskuiwings, wat die struktuur betref, en 'n taal wat verbrokkel, wat hortend word, wat die onuitspreekbare uitstamel. Die skrywers word geboei deur die chaos, aangeraak deur die bose, die absurde.

Honderd eksperimente mag misluk, maar tog slaag — omdat hulle „die grense van die taal verskuif, en dit moontlik maak om iets nuuts te sê van al wat tot dusver onsegbaar gebly het".

**Sestig is dus nie die wanskapige geboorte van een tweekop-kalf nie, maar 'n mutasie (?) met blywende gevolge. Sestig het 'n nuwe klimaat gebring waarby ons sal moet aanpas, want die strome in die tyd het na die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika ook betekenisvol geword en die letterkunde het spontaan hierby aangesluit.**

Tog voel 'n mens dat die werklike verowering nog moet kom. Literêre weerkundiges weier om die dekade van Sewentig — klaar gerieflik gestempel — te voorspel, maar die noot waarop Sestig afsluit, is dalk die hefaan vir Sewentig.

Aan die begin van die jaar het vae fluisteringe ons beloof dat die Sestigers gesamentlik beplan om die jaar met 'n groot knal af te sluit, maar tensy die verrassing vir die Kersklapper bewaar word, kan die einde van Sestig straks só wees:

**This is the way the world ends.**
**This is the way the world ends.**
**This is the way the world ends,**
**Not with a bang, but a whimper.**

# MIMI COERTSE BY DIE P.U.

**MIMI COERTSE, die internasionaal bekende Suid-Afrikaanse sopraan, kom die einde van die maand na Suid-Afrika vir twee konserte by die Potchefstroomse Universiteit.**

Die konserte is gereël om saam te val met die eeufeesvierings en word op 30 September in die Konservatorium-saal en op 2 Oktober in die sentrale eetsaal aangebied. Mej. Coertse word deur die bekende prof. Pieter de Villiers begelei.

◆ Besonder interessante program-
◆ me is saamgestel. Sy sal die
◆ eerste keer in Suid-Afrika die
◆ Schumann-siklus Frauen Liebe
◆ und Leben sing.



'n Verdere kykie in die program toon dat sy ook Bach se Weltliche Lieder en 'n groep liedere van Richard Strauss en Hugo Wolf sal voordra, asook arias van Donizetti, Puccini, Bellini en Mozart. Werke van Rachmaninoff en Ravel en liedere van Suid-Afrikaanse komponiste soos Arnold van Wyk, S. le Roux Marais en Pieter de Villiers is ook by die program ingesluit.

'n Verrassing is die twee arias uit Carl Orf se Carmina Burana wat in die program opgeneem is.

# ONTMOET



*ONTMOET Benonie Duvenage, waarnemende departementshoof vir Interfakultêre Wysbegeerte, en vanjaar met die eeufees, die besigste man in Potchefstroom! Gebore op 2 Oktober 1924, matrikuleer hy te Middelburg, Kaap.*

In 1945 behaal hy sy B.A.-graad met Latyn en Wysbegeerte as hoofvakke. Die hoogtepunte in sy akademiese prestasies is onder andere 1956 toe hy sy doktorsgraad behaal met sy proefskrif „Beroepsarbeid in die lig van die Christelike Etiek." In 1963 behaal hy die M.A.-status in Filosofie.

Wat sy studentejare aanbetref, vind ons dat prof. Duvenage baie veelsydig was. In 1947 is hy sekretaris van die Studenteraad, in 1948 ondervoorsitter en hy verteenwoordig ook Alabama op die S.R. Daarbenewens het hy ook vir die eerste tennisspan gespeel. Met sy sleepaksies het dit ook baie goed gegaan, want die dame wat vandag mev. Duvenage is, was destyds 'n aptekerstudent op die Puk! Die kroos bestaan uit vier, waarvan die oudste ook tans aan die Puk studeer.

Prof Duvenage is voorsitter van die Vereeniging vir Christelike Onderwys en ook een van die redaksie van Woord en Daad. Hy is ook voorsitter van die Deputate vir die Bestudering van Ekumeniese Sake maar het darem nog tyd vir ontspanning ook, want hy speel vir die tennisligaspanne van Park.

Omdat die Puk-atmosfeer deesdae net vol van die Eeufees is, moet spesiale melding gemaak word van prof. Duvenage se enorme bydrae, in sy hoedanigheid as sekretaris van die Eeufeeskommissie. Die fees bestaan uit twee dele: die feesprogram deur die loop van die jaar en die hoogtepunt. Verskillende departemente het deur die jaar bydraes gelewer tot die fees. Prof. Duvenage was die departemente behulpsaam met reëlings in soverre dit nodig was. Hy dien ook as skakel op die fakulteitskommissie.

Die opstelling van die gastelys is deur prof. Duvenage in samewerking met die departement ontwikkeling gedoen. Die gaste sluit in oud-studente, ouers van huidige studente, donateurs, en verteenwoordigers van universiteite, en wetenskaplike organisasies. Die Die begroting van R30,000 vir die fees is behartig deur prof. Duvenage in samewerking met die Administrasie.

Prof. Duvenage het sy waardering uitgespreek vir die hulp van onder meer die departement ontwikkeling, die tegniese departement en die biblioteek met al die reëlings.

As 'n mens na hierdie man se leuse kyk, verstaan 'n mens waarom hy alles wat hy aanpak met sukses deur voer. Prof. Duvenage sê daar is nooit 'n tekort aan tyd nie. Daar bestaan alleenlik 'n gebrek aan die oordeelkundige beplanning van tyd. Hier kan ons as studente veral luister!

Tweedens sê prof. Duvenage, moet nooit uitstel nie, doen alles wat jy moet doen nou. Derdens, beplan asof jy altyd sal lewe, maar werk asof jy môre sal sterf.

Ons wens prof. Duvenage en al sy medewerkers alle sukses toe met die Puk se eeufees.



# *Sprokies is die beste boek*

**DIE MOOISTE Afrikaanse sprokies, uitgesoek en oorvertel deur Pieter Grobbelaar, het vanjaar die C. P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van 1968 ontvang.**

Die toekenning is gemaak tydens die pas-afgelope biblioteekkonferensie wat in Durban gehou is en deur dosente en studente van die P.U. bygewoon is. Hierdie toekenning gaan uit van die S.A.B.V.

By die oorhandiging is daar gewys op die sukkelbestaan wat die Afrikaanse kinderboek voer omdat die publiek nie daarop ingestel is om 'n goeie kinderboek te koop nie. Die onkoste verbonde aan 'n kinderboek met gekleurde illustrasies is geweldig hoog en die aanvraag regverdig dit nie, daarom is die hoë standaard van die sprokiesboek so 'n welkome verskynsel. Hierdie wêreld van die verbeelding en sprokies is nie net toeganklik vir die kind nie, maar ook vir die volwassene. Die boek is deur Katrine Harries geïllustreer.

Die uitgewer het 'n sertifikaat ontvang, sowel as 'n drukpersie waarmee die embleem van die medalje op verdere herdrukke afgedruk sal word. Die boek is tans uit druk, maar sal in Oktober weer beskikbaar wees.

## Gesamentlike erediens

Die gesamentlike erediens wat op Sondagoggend in die sentrale eetsaal gehou word, sal deur die S.A.U.K. oor die medium- en F.M.-senders uitgesaai word.

Die diens sal gelei word deur die voorsitter van die kuratorium van die Teologiese Skool en van die Raad van die Universiteit, ds. A. A. Venter van Klerksdorp.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK
'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE-PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

# Fees word gewerk en nie gevier

ONGEKENDE bedrywighede het die departement ontwikkeling en tegniese departement van die P.U. die afgelope tyd gekenmerk. Die komende eeufeeshoogtepunt het gesorg vir talle fronse, vlieënde tikstershande (en humeure) en 'n ophoping van sigaretstompies in asbakkies.

Die departement ontwikkeling wat gedurende die jaar al die reklame van die eeufees op hulle geneem het en nog die verskillende bedrywighede gekoördineer het, sal ook 'n groot aandeel hê aan hierdie naweek se bedrywighede. Altesaam 3500 uitnodigings is deur dié departement uitgestuur.

Vir die ontvangs van al die gaste staan die tegniese departement reg... soos hulle die hele jaar by elke eeufeesgeleentheid reggestaan het. Verblyfplek vir gaste word gereël en by Oude Molen word met 2000 pond vleis vir 'n heerlike braaivleis gesorg. Vanaf drukspykers tot die nagwag sal Olënpark reg wees vir die spesiale gradeplegtigheid.

Die sentrale eetsaal word van 'n „aspoestertjie" omskep in 'n „prinses". Altesaam 2000 stoele sal verskaf word terwyl die aanbring van verhoë alleen R2000 sal beloop — arbeid en materiaal. Die drie voet-hoë verhoog, met 'n draaiverhoog bo-op, dekor en beligting, sal in die nagtelike ure van die naweek reggestel word sodat die 338 vk. jt. linne, wat spesiaal gekleur is vir die dekor, by die massaspel tot sy reg sal kom.

By die werkswinkels van die tegniese departement sal al die werkers, en veral mnr. A. J. van der Walt, 'n sug van verligting slaak as hierdie eeufees afgeloop is en die rooi tapyt sonder haakplek voor die Eerste Minister uitgerol is.

## Pukke se bydrae:

# Beroep op ondersteuning

MÔRE-OGGEND om 9.30 vm. neem ds. A. A. Venter, voorsitter van die Kuratorium van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 'n gedenksteen namens die Teologiese Skool in ontvangs. Die steen word deur die Teologiese studente van 1969 geskenk en sal bewaar word vir die voorgestelde nuwe biblioteek van die Teologiese Skool. Die oorhandiging val saam met die aankoms van die perdekommando vanaf Burgersdorp.

### P.U. se bydrae

Die gedenkteken wat opgerig is deur die P.U.-studente van 1969 word ook môre om 12.30 nm. onthul. Die Rektor, prof Bingle en mnr. Callie Coetzee, voormalige S.R.-voorsitter, tree by dié geleentheid op.

*Mnr. Johan Kruger, voorsitter van die Studenteraad het 'n beroep op alle studente gedoen om dié aksie te ondersteun.*

# SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

DRUKSPYKER het hierdie week hande in die hare gesit met die lysie slepers wat so kort is, en maar net nie wil langer word nie. Sy staan toe op, stap by ou Klawerhof se voordeur uit, en begin op die kampus rondloer.

Daar sien sy vir *Petro Coertzen* en *Louis Kruger* van die klas af kom, hand aan hand en stralend gelukkig, want hulle is verloof en daarby het Louis nog verhoogde aansien gekry by die Liberaliste daar oorkant die spoor!

Drukspyker stap toe maar verder in haar eensame soektog na slepers. Daar op 'n spykerbankie sien sy twee oulike mensies: *Susan Visser* en *Jimmy Manuel*. Hulle kyk haar skeef aan toe sy hul rus versteur.

Maar toe onthou Drukspyker skielik dat daar in Klawerhof self mos nog 'n paar asters is wat knaend na Vanderbijlpark verlang — dit is *Hanlie Theron*, want haar aartappelboer *Augus* is mos daar! In Karlien is daar ook *Hanlie Griesel* wat sterk verlang na *Johan Theunissen*. Hoe lyk dit met drie rooi angeliere vir die kys wat drie jaar gehou het, nog van die skoolbanke af?

Drukspyker word skielik onderbreek in haar gang oor die kampus deur *Jo Fourie* wat daar aangery kom op sy motorfiets uit die veertigerjare, kompleet soos iets wat net-net wil opstyg.

As die gebrul verby is, onthou sy dat die S.R.-kantoor nou mos net 'n hanetreetjie ver is. Daar vind sy dat *Faan Coetzee* nou al geruime tyd met *Magde Fourie* van Karlien sleep. En gaan dit nie goed nie, né! *Johan Schutte* en *Elsa Myburgh* is ook twee getroue slepers en „bibswotters" wat lankal hul plekkie hier in die Spykerbank verdien (en is *Louisa Lorenzen* en *Izak Postma* nie ook twee getroue volkspelers nie?)

Drukspyker vind toe nie veel meer by die S.R.-kantoor nie, en besluit maar om gou-gou na die Wapadkantoor te hardloop om te hoor wat die nuutste nuus is. En daar tref dit haar soos 'n geweldige bom: hier op ons lekker ou Wapadredaksie het sy mos die grootste verskeidenheid verloofdes, slepers en getroudes wat enige Drukspyker kan verlang! Is *Francois Venter*, ons redakteur van 1969 dan nie bykans 'n getroude man nie? En *Martie* (wat op haar dag so 'n onnutsige eerstejaar was) en *Jan-At Kruger* sit baie gelukkig getroud en saamwerk om al die beriggies vir Die Wapad persklaar te maak.

En as ons so praat van die Marties, dan vonkel sportredakteur *Johan Preller* se oë, want dit laat hom dink aan sy *Martie Coetzee*. Ook nie te lank nie, of *Wina Steyn* kom loer om die deur op soek na haar *Lourens du Plessis*. En wie is daar nog? *Dawie Swanepoel* — o ja, hy en *Jeanette Mengel* lyk self 'n oulike paartjie as 'n mens hul so saam-saam op 'n dinee sien, veral as dit die Wapaddinee is!

Om nie eens te praat van al die verslaggewers nie — *Marlen Lemmer* daar in Karlien het haar deel gevind in *Attie Kock*, en nou sing die twee saam een wysie. En *Dries Burger* van Heimat sê sý meisie is in Huis Republiek.

Dan is daar nog *Retha Coetzee* en *Gustav Röhrs*. Wat kan so 'n Alabamatoer nie doen nie, né!

Voordat Drukspyker weer hoogs tevrede na Klawerhof terugstap, is daar nog een laaste woordjie — laat ons dit maar soetjies fluister — *Douw Kruger* kuier by *Joan Crafford*.


**Potch Inry**

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

MAANDAG 6, DINSDAG 7 OKT.
VRYDAG 10, SATERDAG 11 OKT.
EERSTE VERTONING

**MONKEYS GO HOME**

Maurice Chevalier, Dean Jones, Yvette Mimieux

WOENSDAG 8, DONDERDAG 9 OKTOBER
VRYDAG 10, SATERDAG 11 OKT.
TWEEDE VERTONING

**BEACH RED**

Cornel Wilde, Jean Wallace.

MAANDAG 13, DINSDAG 14, WOENSDAG 15, DONDERDAG 16 OKTOBER
VRYDAG 17, SATERDAG 18 OKT.
EERSTE VERTONING

**DANIE BOSMAN**

Frank Marx, Min Shaw, Siegfried Mynhardt, Brian O'Shaughnessy.

VRYDAG 17, SATERDAG 18 OKT.
TWEEDE VERTONING

**DEVILS BRIDE**

Christopher Lee, Charles Gray.


## Sport:

# AS ONS DIE JAAR IN OËNSKOU NEEM...

**Johan Preller**

**SPORT AAN DIE PUK het vanjaar buitengewone hoogtepunte bereik. Dat daar ook laagtepunte was, is nie te betwyfel nie, maar dit word uitgekanselleer.**

Ek dink nou veral aan sportsoorte soos Tennis, Rugby en Atletiek. Op die tennisbaan is ons bewus van puik spelers soos o.a. Johan Malan en Heloïse Burger, wat veral mooi presteer het.

Op atletiekgebied is elke PUK trots op sy atlete en op die span wat oorsee getoer het. Die feit dat ons nou 'n Britse kampioen in ons midde het in die persoon van Willie Coetzee, laat die sukses van die span duidelik blyk. Ons verheug ons saam met Bea Marais oor die feit dat Anne McKenzie se ou rekord nou ook in die Puk se boek staan, slegs in verbeterde vorm. Dit is ook 'n uitvloeisel van die oorsese toer. Dan, klein Faantjie van Zijl is nou 'n man met drie S.A. rekords agter sy naam.

Op die Rugbyveld het die Puk vanjaar groot hoogtes bereik in die sin dat Pote duidelik en oortuigend oorwin is. Ook het die Theos wat in S.W.A. gaan toer het dáár skoonskip gemaak. Oor die Intervarsity net dit: afgesien daarvan dat die Eerste span gewen het, en afgesien van die morele oorwinning van die Puk massa op die paviljoen, staan daar 148 welverdiende punte agter die Pukleeu se naam. Wie neem enige Kovsie kwalik dat die Kat huil oor sy 52??

Ook het die Puk vanjaar sy swemmers opgelewer met Springbok Nico van der Merwe aan die voorpunt. Ek voel dat swem in 1970 'n besliste stoot in die regte rigting gaan kry, veral omdat Karen Muir (al gehoor van haar?) volgende jaar die Puk sal bywoon.

Dat die Koshuisliga 'n sukses op die Rugbyveld is, kan niemand betwis nie, en ek is seker dat op hierdie gebied volgende jaar nog groter hoogtes bereik sal word wat met selfs groter entoesiasme begroet sal word.

# Regiment onthul kanon

DIE Regiment Potchefstroom sal tydens die eeufeesvierings 'n belangrike rol speel en die verrigtinge die oggend van 4 Oktober met 'n vlaghysingseremonie inlei. Die onthulling van 'n kanon word hierna deur 'n ere-kolonel van die regiment, kol. A. P. Goossens waargeneem.

Terselfdertyd word die regiment se 21e verjaarsdag herdenk. Voorlopig sal die kanon langs die rektor se kantoor staan, maar by die voltooiing van die studentesentrum sal dit verskuif word.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

EIENAARDIG, liewe mej. X, dat ek nou eers — in my laaste skrywe aan jou — voortdurend oor jou wonder. Wie is jy, mej. X? En hoe lyk jy? Dikwels het ek jou skrif in my gedagtes gesien: klein kantige lettertjies, onegalig en parmantig. Want vir my het jy meer geword as net 'n naam. Só dat ek soms wonder of ek jou nie êrens sal opspoor om jou te beloon met een blou aand in 'n heerlike blou wêreld nie.

Want ek kan wel veronderstel hoe jy lyk: klein, skraal, miskien 'n spits neusie, klein ondeunde skroom. Of is jy onskuldig en met 'n spits neusie, klein ondeund kind? Is jou oë blou soos rook? Is jy 'n nimf uit die koue Noorderlande of is jy 'n bosfee uit die warm suiderlande?

Daardie naamlose brief wat ek een keer op 'n reëndag ontvang het, met die klein lettertjies — was dit van jou, liewe mej. X? Daarin vra jy of ek ook soms in die nagte wakker skrik met die gevoel dat iemand, êrens uit die donker nag, na my geroep het. Jy vra iets van my, al is dit net 'n mooi woord waarmee jy jouself kan troos. Jy is in vertwyfeling en jy voel nog só jonk, soms weer oud, oud oud, Jy sê jy is mooi (en ek kan jou fyn laggie hoor). Ten slotte vra jy of dit mag — en jy stuur 'n soentjie. In 'n naskrif vra jy of reën op 'n Dinsdag vir my ook mooi is.

Dankie, Klein Meisie, vir dit alles wat ek nie verdien het nie. Ek sou 'n antwoord aan jou persoonlik wou stuur, maar jy het vergeet om jou adres te vermeld. Ja, liewe mej. X, dit is so dat ek ook soms in die nagte wakker skrik. Enkele jare gelede, toe ek veel jonger was het dit ook partykeer gevoel asof iemand uit die donker, of êrens vandaan na my roep. Nou nie meer nie. Nou lê ek soms en dink aan geroep-word en self-roep. Daar is vir my sekere kontradiksies tot nog toe onbegryplik — en ek het 'n vrees dat dit altyd onbegryplik gaan bly, vanweë die koue, gelate jare wat later kom. Die jare van vermoë tot deurtasting wat deur aanvaarding ontbind word. Maar dit daar gelaat, want daar is selfs 'n bietjie weemoed in.

Jy is in vertwyfeling, maar sou ek jou kon troos? Sou ek nie hoogstens 'n uitspraak kon maak nie? Dat dit maar 'n droom is, liewe mej. X, môre is alles oor.

Jou naskrif verdien ook 'n antwoord. Want reën op 'n Dinsdag is vir my ook mooi. En sou dit minder mooi wees op enige ander dag? Of minder triest? Nee, meisiekind, ek glo nie.

En nou, liewe mej. X, het dit laat geword, en ek sit nog met die vraag: wie is jy? Of was jy maar 'n simbool, iets wat mooi is, iets wat weer moet verbygaan? Miskien was jy Don Quixote se immer onbereikbare Dulcinea wat altyd agter 'n ander bult gewag het?

Nietemin, dit is laat, die jaar het oud geword, en ek moet jou groet. Want ek moet nou gaan.

# Wildskoppe aan museum

PROF. Hennie Grobler van die departement Grieks, het aan die Potchefstroomse museum dertig wildskoppe geskenk. Drie van hierdie koppe is van Noord-Amerikaanse oorsprong en baie seldsaam: dit is die Moose, Wapiti en Witstert, al drie takbokke. Hy het ook die horing van 'n uitgestorwe Swasibees geskenk. Die horing meet 76" van punt tot punt.


**PARADISE RESTAURANT**

- Dié kafee op Die Bult...
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

**Tomstraat 86** **Tel. 5474**

# *Hulle maak die spanne*



*Op die foto van links dr. Wynand Putter van die L.O. departement, Prof. Dawid Smith, hoof van die departement L.O. Mnr. Andrew Bird van die Onderwyskollege wat die eerste span (Theos) afrig. Mnr. Bird is 'n alombekende en beminde figuur in P.U-rugbykringe en het veel gedoen om Theos se standaard op die peil te bring. Langs mnr. Bird staan Keith Diepraam Springboktennisspeler en afrigter van die P.U.-tennisspan. Hy reis spesiaal weekliks na Potchefstroom om die afrigting waar te neem. Heel regs staan mnr. Gert Scholz, afrigter van die Atletiekspan en ook bestuurder van die toerspan wat onlange uit Europa teruggekeer het.*

*(Foto: Fotokuns.)*

# SPORTMANNE EN -VROUE ONTVANG BEKERS

**TYDENS DIE afsluitingsfunksie van die Sportinstituut, gehou op Dinsdag 16 September, is bekers weer eens uitgedeel te midde van luide applous, wat duidelik die algemene byval weerspieël het.**

Afgesien van die Ou Mutual-beker wat aan die Sportman van die Jaar, Fanie van Zijl, oorhandig is, het Carene Lubbe die Corrie van Rooy-wisselbeker vir die dame wat die meeste doen om sport op die Puk te bevorder, ontvang. Die De Klerk-wisselbeker, wat onderworpe aan dieselfde voorwaarde aan 'n mansstudent toegeken word, is verower deur George Müldner.

Die C. de Jager-beker is ontvang deur Johan Malan, wat die mansenkelspeltitel tydens die P.U. kampioenskappe verower het, en die Pepsi-Colabeker deur Heloïse Burger (tennis). Die judo-wisselbeker is verower deur Casper Steenkamp, terwyl Gawie van Eck die landloopbeker verower het. Die Davy Robertson-wisselbeker wat op aanbeveling deur die P.U.-atletiekklub toegeken word aan die atleet wat die meeste punte op byeenkomste vir die atletiekklub versamel, is verower deur Fanie van Zijl.

Blackie van Wyk het die Presidentsmedalje ontvang. Die George Booyens-wisselbeker vir mans is deur Drakenstein, en vir dames deur Piet Groblerhuis en Karlien verower.

Springbokswemmer Nico van der Merwe het 'n eretoekenning van die Sportinstituut ontvang.

# FANIE SPORTMAN VAN DIE JAAR

*Fanie van Zijl wat vir die vierde agtereenvolgende jaar as sportman van die jaar gekroon is. Hy hou die S.A.-rekords in die 1,000, 1500 en 3000 meter langafstand en het vanjaar vir 'n reeks skitterende vertonings in Europa gesorg.*



# SWEMSTER ONTVANG ERETOEKENNING

*Nico van der Merwe, PUK se Springbokswemmer het op die Europese toer gedurende Julie vier maal eerste plek behaal in die 100m. Hy het 'n nuwe S.A. rekord van 53.7 sek. (S.A. rekord 55.4 sek) opgestel, maar dit word nie erken nie omdat dit in 'n 25 m. bad opgestel is. Op Hüttental en Würtzburg het hy die puik tye van 56.8 en 55.5 sek. onderskeidelik opgestel. Hier staan hy (links) met sy eretoekenning.*

*(Foto: Fotokuns.)*

# *Sport ken ook sy „sports"*



*Op die foto van links mnr. en mev. Piet Brand, mnr. en mev. William Scott, mnr. en mev. Jona Kruger, mnr. Andrew Bird en mnr. en mev. Hans van Zyl in gemoedelike luim tydens die dinee van die Sportinstituut verlede week. Wie se hand hou Piet Brand vas?*

*(Foto: Fotokuns.)*

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oliënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



**'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK**

**Groot voorraad**

**★ NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

**★ GOODYEAR G 800 loopvlak**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**




**'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD**

**NASIONALE BOUVERENIGING**

**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

**(Langs die Johannesburg-pad geleë).**

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag.

**Tel. 6670**

